

DISSIPELSKAP. LES 23

1	GEBED
---	-------

Bid vir die leiding van die Gees van God, vir 'n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking toe aan die Here.

2	AANBIDDING (20 minute)	[KENMERK VAN GOD] GOD IS GENADIG
---	------------------------	-------------------------------------

Tema: GOD is genadig.
Lees hierdie uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

1. Die tradisie van die Fariseërs.

Lees Markus 7:1-23.

Die Fariseërs was baie godsdienstig. Hulle het driemaal per dag gebid, tweemaal elke week gevas, tiendes gegee van selfs die kleinste kruie vir die tempeldiens, het op al die pelgrimsfeeste na Jerusalem toe gegaan (Deuteronomium 16:16) en het probeer om die 613 voorskrifte van die Wet, wat hulleself opgestel het, te hou. Die Fariseërs was baie godsdienstig¹, maar glad nie vry nie! Hulle was slawe van die sonde (Johannes 8:34) en ook slawe van hulle eie mensgemaakte godsdienstige wette (Jesaja 29:13)!

2. Die tradisies van sommige Christene.

Lees Markus 7:7. “Tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooi van mense is.”

Op dieselfde manier is daar Christene wat aan die lede van hulle groep/kerk 'n hele klomp reëls voorskryf:



- Hulle moet 'n voorgeskrewe kursus volg voordat hulle lid mag word. Hulle mag nie op Sondag werk nie en ook nie dinge koop nie. Hulle moet elke dag na die kerk toe kom vir dienste. Of hulle moet op Sondae twee eredienste bywoon.
- Alleen teologies opgeleide persone by hul eie teologiese fakulteit mag voorgaan. Hulle moet tydens die eredienste voorgeskrewe liturgieë volg. Hulle het voorgeskrewe maniere van sing en bid. Daar is voorgeskrewe maniere van doop en Nagmaalviering. Kleredrag word streng voorgeskryf en gehandhaaf. Hulle moet minstens één tiende van hulle inkomste aan hulle eie gemeente gee.
- Gedurende die week mag hulle bepaalde voedsel en dranksoorte nie gebruik nie. Hulle moet hulle dominee, voorganger of ouderling altyd gehoorsaam. Hulle moet bepaalde leerstellings glo wat nie duidelik op die Bybel gebaseer is nie. En soms moet hulle saam met ander gemeentelide uitgaan op evangelisasie/uitreik, ens.

Hoewel al hierdie voorskrifte NIE in die Bybel geleer word nie, maak sommige Christene en gemeentes hulle eie reëls en wette en forseer hulle lede om weg te beweeg van die sienswyse: “Ek wil onder die genade van God leef” na die sienswyse: “Ek moet onder mensgemaakte godsdienstige wette leef.”

3. Om juridies (wetlik) onder die wet of onder die genade te leef.

Lees Johannes 1:16-17; Romeine 5:12,17-18; Romeine 6:5-7,11-14.



Die Bybel leer dat Christene “staan nie onder die Wet van Moses nie”, maar “onder die genade”!

JURIDIES LEEF ONDER DIE WET ADAM	JURIDIES LEEF ONDER DIE GENADE CHRISTUS
	
<p>Omdat God volmaak heilig en regverdig is, eis Hy dat al sy morele wette heeltemal gehoorsaam moet word en dat alle oortredings van sy morele wette te volle gestraf moet word.</p> <p>Omdat alle mense gesondig het, mis hulle al God se geregtigheid. Ook die byna volmaakte mense skiet hopeloos tekort (Galasiërs 3:10; Jakobus 2:10)!</p> <p>Alle mense wat aan Adam verbind is deur geboorte, staan nog onder God se eis van geregtigheid (die Wet). Hulle leef nog onder God se wet (sy eis van geregtigheid).</p>	<p>Maar omdat God ook volmaak liefdevol, genadig en barmhartig is, het Hy Self volkome versoening vir alle sondes bewerk vir mense wat in Jesus Christus glo (Romeine 3:24-25). Jesus Christus het God se eis van geregtigheid volkome in ons plek vervul (2 Korintiërs 5:21).</p> <p>Omdat Jesus Christus die straf vir sondes in Christene se plek gedra het, is Gods toorn (woede) teen al hulle sondes weggeneem en is hulle vir altyd met God versoen (Romeine 8:1)!</p> <p>Alle mense wat aan Christus verbind is, is deur geloof volkome regverdig. Hulle leef nie meer onder die Wet nie, maar onder God se genade (vervulling van God se eis van geregtigheid)!</p>

¹ Die Joodse godsdienst is nog steeds 'n godsdienst van die Wet (Hebreeus: Tora, Arabies: sharia).

Ten einde Christene aan te spoor om teen die sonde te stry, leer die apostel Paulus dat mense wat hulle geloof en vertroue in Jesus Christus gestel het nie langer moet leef onder die heerskappy van die sonde in en om hulle nie. Hulle leef nie langer “onder die Wet”, d.w.s. onder God se eis van volmaakte geregtigheid nie, maar leef “onder die genade”, d.w.s. onder die feit dat Jesus Christus die volmaakte geregtigheid wat God eis in hulle plek verdien het. Hierdie geregtigheid (verlossing) het hulle met leë hande (as onverdiende geskenk) aangeneem. Elke mens wat nog “onder die Wet”, d.w.s. onder God se eis van geregtigheid leef, is nog nie vergewe nie, nog nie geregverdig nie en nog nie met God versoen nie. Hy kan ook nog nie geheilig word nie! Maar elke mens wat “onder die genade”, d.w.s. onder die (deur Jesus Christus) vervulde Wet (Matteus 5:17) leef, is al volkome vergewe, geregverdig deur God en versoen met God (1 Korintiërs 1:30). Hy KAN NIE, WIL NIE en SAL NIE voortgaan om in sonde te leef nie (Romeine 6:5-7)! Om heilig te lewe, moet ’n mens eers geregverdig word.

4. Om emosioneel onder die wet of onder die genade te leef.

EMOSIONEEL LEEF ONDER DIE WET SOMMIGE CHRISTENE	EMOSIONEEL LEEF ONDER DIE GENADE CHRISTUS
 <p>Omdat sommige Christene en sommige gemeentes voorskryf of vereis dat Christene aan hulle mensgemaakte godsdienstige reëls moet voldoen, voel ander Christene dat hulle nie vry is nie, maar gebuk gaan onder hierdie mensgemaakte godsdienstige reëls ten einde deur bogenoemde Christene of gemeentes aanvaar te word of so te voel. Hulle leef emosioneel “onder die wet van mense”.</p> <p>As hulle hul nie aan hierdie mensgemaakte godsdienstige reëls en tradisies hou nie, word hulle veroordeel as <i>ongehoorsame</i> Christene, <i>ongeestelike</i> Christene of selfs <i>slegte</i> mense.²</p>	 <p>Omdat Christene wat voorheen emosioneel onder die godsdienstige wette van ander mense (Christene, gemeentes) geleef het, bewustelik gekies het om nie alleen <i>juridies/wetlik</i> nie, maar ook <i>emosioneel</i> onder God se genade te leef, is hulle nie alleen <i>juridies/wetlik</i> vry van hierdie mensgemaakte godsdienstige wette (reëls, tradisies) nie, maar voel hulle hul ook emosioneel vry.</p> <p>Selfs al is hulle nog glad nie volmaak in hoe hulle as Christene leef nie, bly hulle hulself beskou as volkome geregverdig en voel hulle hul ook volkome geregverdig in Christus. Hulle voel dat God hulle liefhet, ongeag wat ander mense oor hulle dink of sê.</p>

Wanneer sommige Christene of gemeentes hulle eie mensgemaakte godsdienstige wette (reëls, tradisies) opstel wat hulle lede moet onderhou, maak dit Christene wat vroeër vry was weer tot slawe van mense! Al dergelike mensgemaakte godsdienstige wette, reëls en tradisies bring Christene weer emosioneel onder die wet! Hierdie Christene voel dat hulle verplig is om hierdie mensgemaakte godsdienstige wette te onderhou ten einde nie deur hierdie mense vermy of selfs verwerp te word nie, maar aanvaar te kan word. Hulle voel skuldig en skaam as hulle by die mense is of saam met die mense in die gemeente saamkom. Hierdie verpligte mensgemaakte godsdienstige wette, reëls en tradisies gee hierdie Christene geen keuse oor hoe hulle moet lewe nie.

Wanneer ’n Christen hom nie aan hierdie mensgemaakte godsdienstige wette (reëls en tradisies) hou nie, word vir hulle gesê dat God en ander Christene hulle nie liefhet nie! Dus, om hierdie gevoelens van skuld, skaamte en eensaamheid te vermy, probeer hierdie Christen ywerig om hierdie godsdienstige wette te hou. Wanneer hy emosioneel onder hierdie mensgemaakte godsdienstige wette leef, konsentreer hy op WIE HY IS in die oë van hierdie leiers en gemeentes wat hierdie godsdienstige wette opgestel het. Die Bybel waarsku “As ek nog mense behaag, dan sou ek nie ’n dienskneg van Christus wees nie” (Galasiërs 1:10)!

Maar die Bybel leer baie duidelik dat ’n Christen se posisie nie langer “onder die Wet” (God se eis van 100% geregtigheid) is nie, maar “onder die genade” (100% geregverdig en verlos). Hy is nie langer onder die Wet wat hom veroordeel en verdoem nie, omdat God hom sien as bekleed met die volmaakte geregtigheid en heiligheid van Jesus Christus (2 Korintiërs 5:17,21; 1 Korintiërs 1:30).

Die Christen hoef ook nie langer “onder mensgemaakte godsdienstige wette” te leef nie. Ook wanneer hy in ’n bepaalde sonde geval het, hoef hy nie te glo of te voel dat God hom nie meer liefhet en dat Christene hom sal verafsku (vermy, verwerp) nie. Wanneer ’n Christen ’n sonde begaan, is die gevolg nie dat God of Christus hom veroordeel (verdoem, straf, vermy of verwerp) nie, maar dat sy omgang/gemeenskap met God tydelik verbreek is. Deur sy sonde te bely kan hy onmiddellik sy verhouding met God herstel en terugkom om onder die genade van God te lewe! Die Christen het altyd die vryheid om te kies hoe hy as Christen wil leef. Hy is vry om te kies om emosioneel onder die Wet of onder die genade te leef. Hy mag kies om nie geliefd of wel geliefd te voel. Hy is *juridies/wetlik* vry en word nooit meer verdoem nie (Johannes 5:24; Romeine 8:1), maar moet ook kies om *emosioneel* vry te wees! Hy mag kies tussen heeltemal vry te wees van die gevoel van skuld en skaamte en hom nie besig te hou met die feit dat sommige mense (Christene) hom sal verafsku (vermy, veroordeel of verwerp). Hy hoef nie langer in vrees te leef vir wat ander mense oor hom dink en sê nie. Wanneer hy emosioneel onder God se genade leef, konsentreer hy nie meer op WIE HY IS in die oë van mense nie, maar op WAT HY DOEN ten opsigte van God en ander mense. Hy bly vir ewig wie hy is: ’n kind van God en geregverdig in Christus! Maar hy moet sy sonde of liefdelose gedrag onmiddellik bely en God se vergifnis ontvang. Daarna gaan hy voort om met God en gesonde Christene om te gaan en gemeenskap te hê (1 Johannes 1:9). Deur die

² Mense wat hul nie hou aan bepaalde nie-christelike godsdienstige wette word deur daardie godsdiens as ‘ongelowiges’ bestempel en in sommige gevalle selfs gedood.

verlossingswerk wat Jesus Christus volbring het, mag en kan elkeen wat in Jesus Christus glo *juridies/wetlik* en *emosioneel* “onder die genade” leef!

Aanbidding.

Laat elkeen in die kring ’n beurt neem om kortliks (met één of twee sinne) God te aanbid vir sy onbeskryflike groot genade.

3	DEEL (20 minute)	<i>[STILTETYE]</i> ROMEINE 9 - 12
---	------------------	--------------------------------------

Maak beurte en **deel/vertel kortliks** (of lees van) jou notas wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes (Romeine 9 - 12). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie.

4	ONDERRIG (20 minute)	<i>[DISSIPELSKAP]</i> DIE KENMERKE VAN ’N DISSIPEL
---	----------------------	---

Lees elke Bybelgedeelte en ontdek en bespreek wat ’n dissipel volgens Jesus Christus is.

A. DIE BETEKENIS VAN DIE WOORD “DISSIPEL” IN DIE NUWE TESTAMENT

1. ’n Dissipel is ’n aanhanger van ’n leraar.

Lees Markus 2:18; Lukas 6:17; Johannes 6:60,66; Johannes 9:28.

Aantekeninge. In die ou tyd het filosowe en godsdienstige leiers ‘dissipels’ gehad wat ‘aanhangers’ was. So het die Fariseërs, Johannes die Doper en Jesus ‘dissipels’ gehad. In hierdie Bybelgedeeltes beteken die woord ‘dissipel’ dus ’n ‘aanhanger’, ‘iemand wat hom assosieer met ’n bepaalde leraar, leier of groep’. Hoewel groot skares mense Jesus in die begin gevolg het, het hulle later opgehou, omdat hulle meer in die wonders van Jesus as in sy onderrig belanggestel het. Hulle was nie bereid om die prys van ware dissipelskap te betaal nie.

2. ’n Dissipel is ’n Christen.

Lees al die Bybelgedeeltes.

- “dissipels” (Handelinge 6:7; 14:21-22 AOV)
- “die aanhangers van die Weg” (Handelinge 9:1-2; 19:9,23; 22:4; 24:14,22 vgl. AOV);
- “Christene” (Handelinge 11:26)

Aantekeninge. In die vroeë geskiedenis van die Christelike Kerk is die mense wat in Jesus Christus geglo het soms “die aanhangers van die Weg” genoem. Meestal is hulle toe ‘dissipels’ genoem in die sin van ‘lede van ’n godsdienstige gemeenskap’ en het dan byna dieselfde betekenis as die woord ‘Christen’.

3. ’n Dissipel het heel spesifieke kenmerke.

Jesus Christus het ons geleer dat ware dissipels van Hom spesifieke kenmerke het. Hierdie kenmerke is in die Bybel opgeteken. Voorbeeld: ’n Ware dissipel van Jesus Christus gee aan Jesus die eerste/vernaamste plek in sy of haar lewe, leef volgens sy woorde, bid volgens sy wil, het andere lief soos Jesus liefgehad het en dra baie en blywende vrug wat God verheerlik.

B. DIE SPESIFIEKE KENMERKE VAN ’N DISSIPEL

1. ’n Dissipel van Jesus Christus volg Jesus Christus.

Lees Johannes 1:35-51; Lukas 5:1-11; Markus 3:13-15.

Aantekeninge. ’n Dissipel is ’n *volgeling* van Jesus Christus. Let op hoe Jesus sy dissipels geroep het “Volg My”. Hy het hulle geroep om “by Hom te bly” Die woord ‘dissipel’ beteken in hierdie Bybelgedeelte veral ‘volgeling’. Jesus het met sy geweldig aangename en indrukwekkende persoonlikheid en met die woorde wat Hy gespreek het en met die dae wat Hy gedoen het sy dissipels aangetrek.

Jesus se oproep tot dissipelskap geld vir almal. Jesus maak geen onderskeid tussen mense, of hulle Jode of Grieke is nie. Sy volgelingen was byvoorbeeld eenvoudige vissers soos Petrus, Jakobus en Johannes, ’n ywerige politikus soos Simon (Handelinge 1:13) en ’n veragte tollenaar soos Matteus (Matteus 9:9).

2. ’n Dissipel van Jesus Christus leer van Jesus Christus.

Lees Lukas 6:40.

Aantekeninge. ’n Dissipel is ’n *leerling* van Jesus Christus. Jesus Christus het die mense geroep om by Hom te kom leer (Matteus 11:28-30). Hy sê letterlik, “maar iemand wat volleerd is (Grieks: *katartizō*) (volledig toegerus is), sal aan sy leermeester gelyk wees” (Lukas 6:40). Die woord ‘dissipel’ beteken in hierdie Bybelgedeelte ‘leerling’ of ‘student’. Mense uit verskillende sosiale lae van die bevolking het Jesus vir ongeveer drie jaar lank as leerling of student gevolg. Hulle

moes eers volgelinge en leerlinge wees voordat hulle leraars en toegeruste mentors kon word. Hulle moet eers self opgelei word voordat hulle andere kon oplei. Egte dissipels is volgelinge en leerlinge van Jesus Christus. Jesus roep hulle om Hom te volg (*Lees* Lukas 5:1-11) en om van Hom te leer terwyl hulle Hom volg (Matteus 11:28).

'n Dissipel leer deur *waar te neem, te luister en na te boots/te volg* (Johannes 13:13-15; Matteus 4:23; Matteus 11:28-30; Handeling 4:13; Filippense 4:9-12). Hy leer van Jesus terwyl hy Jesus volg. Hy neem die bediening van Jesus van naderby waar. Hy luister na die onderrig van Jesus en volg die voorbeeld van Jesus Christus en sy dissipels (die apostels). En hy leer om die onderrig van Jesus en die apostels *toe te pas* (Matteus 7:24; Filippense 4:9). Deur dit meer dikwels te doen (dus te bly oefen) bou hy ervaring op.

3. 'n Dissipel van Jesus Christus glo persoonlik in Jesus Christus.

Lees Johannes 3:16-21; Johannes 12:36.

Aantekeninge. 'n Dissipel volg nie maar net 'n besondere onderwyser/leraar Wie se naam 'Jesus' is nie, maar glo met sy hele hart, verstand en lewe in Jesus Christus as sy Verlosser en Heer (NV: Bestuurder). Hy glo dat Jesus Christus "die Lig van die wêreld" is (Johannes 8:12) en hy volg daardie Lig en leef in daardie Lig (Johannes 12:36). Hy glo dat Jesus Christus die sigbare beeld van die onsigbare God is (Kolossense 1:15) – dat Jesus Christus God is, wat sonder om sy goddelike natuur te verlaat die menslike natuur daarby aangeneem het en onder ons kom woon het (Johannes 1:1,14). Hy glo dat Jesus Christus *in sy plek* vir sy sondes gesterf het, dat Hy opgestaan het uit die dood, opgevaar het na die hemel en nou aan die regterhand van God die Vader sit. En hy glo dat hy uit genade en deur geloof volkome geregverdig is (Galasiërs 2:16; Efesiërs 2:8-9).

4. 'n Dissipel van Jesus Christus gehoorsaam Jesus Christus.

Lees Johannes 8:31-32.

Aantekeninge. 'n Dissipel van Jesus Christus glo nie net wat hy wil nie, maar "bly getrou aan die woorde van Jesus Christus" (Grieks: menó) (woon/lewe/volhard in die woorde van Jesus). Dit doen hy deur die woorde van Jesus (1) te hoor, (2) te lees, (3) te bestudeer, (4) daarvoor na te dink, (5) uit sy kop uit te leer, (6) te gehoorsaam en (7) deur te gee aan ander.

'n Dissipel gee ag op die waarskuwing "Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie" (Kolossense 2:8). Hy glo nie willekeurige/eiesinnige godsdienstige leerstellings of filosofiese teorieë nie. Hy oorskry nooit wat in die Bybel geskrywe staan (1 Korintiërs 4:6). 'n Dissipel is nie vry om sommer alles te doen wat hy wil nie, maar is vry om te doen wat Christus leer en beveel (Galasiërs 5:13). 'n Dissipel glo in die woorde van Jesus Christus en gehoorsaam hulle.

5. 'n Dissipel van Jesus Christus is 'n dienaar.

Lees Johannes 12:26 (Markus 13:34; 1 Korintiërs 3:9).

Aantekeninge. Dissipels is geroep deur Jesus om God en ander mense te dien. Die dissipel se roeping is om saam met Jesus te werk aan sy taak op aarde. 'n Egte dienaar is deurentyd gewillig *om take te verrig wat andere nie kan of wil doen nie*. Hy is selfs gewillig om die take van die laagste bediende/dienaar in die huishouding op hom te neem. In die dae van Jesus was dit om die vuil voete van gaste te was. Elke dienaar kry 'n spesiale taak in die Koninkryk van God (Markus 13:34).

6. 'n Dissipel van Jesus Christus bewys liefde in al sy verhoudings.

Lees Johannes 13:34-35 (1 Korintiërs 13:4-8).

Aantekeninge. God het sy liefde aan mense bewys deur Jesus Christus te gee om vir hulle in hul plek te sterwe (Romeine 5:8). Hierdie liefde gee Hy deur sy Gees ook aan sy dissipels om weer aan andere te gee (Romeine 5:5). Hierdie liefde is 'n *selfopofferende liefde*, presies soos dié van Jesus (Johannes 15:13). Hierdie liefde is geduldig en vriendelik. Hierdie liefde is nie afgunstig nie en ook nie grootpraterig nie. Hierdie liefde is nie verwaand, onbeskof of selfsugtig nie. Hierdie liefde word nie gou geïrriteerd nie. Hierdie liefde hou nie boek van die kwaad wat andere hom aandoen nie, maar vergewe. Dit is nie bly oor die onreg in die wêreld nie, maar is bly oor die waarheid en die vooruitgang wat andere maak. Hierdie liefde verdra moeilike mense en omstandighede, vertrou mense tensy daar skending van vertroue is en verwag dat God mense en omstandighede kan verander en gaan verander. Hierdie liefde volhard om die beste vir God en vir andere te laat gebeur (1 Korintiërs 13:4-8).

7. 'n Dissipel van Jesus Christus bly in Jesus Christus.

Lees Johannes 15:4-6.

Aantekeninge. 'n Dissipel (Johannes 15:4) het Jesus Christus in sy hart en lewe aangeneem en woon/lewe/volhard in Jesus Christus. Hy beywer hom daarvoor om sy persoonlike verhouding met Jesus Christus te bly ontwikkel. 'n Dissipel onderwerp hom aan Christus en sy Woord. Sy verhouding met Christus is opreg en betroubaar. 'n Oppervlakkige, formele verhouding word nie deur Jesus aanvaar nie (Johannes 15:6).

8. 'n Dissipel van Jesus Christus word beheer en verander deur die woorde van Jesus Christus.

Lees Johannes 15:3,7a.

Aantekeninge. Die Woorde wat Jesus tot sy dissipels gespreek het, het hulle gereinig, m.a.w. hulle word geregverdig deur die geloof in die woorde van die evangelie (Johannes 15:3). En as die woorde van Jesus in die dissipels bly, dan verander Jesus en sy woorde hul gedagtes, motiewe, houdings, geloof, oortuigings, woorde wat hulle spreek en hul gedrag. Dit bly nie maar net by 'kennis' nie, maar beïnvloed elke aspek van die lewe van die dissipel ten goede (Johannes 15:7).

9. 'n Dissipel van Jesus Christus bid volgens die wil van Jesus Christus.

Lees Johannes 15:7,16b.

Aantekeninge. 'n Dissipel ervaar dat God sy gebede verhoor. Die verhoring van sy gebede is wel afhanklik daarvan dat hy in Jesus Christus bly en die woorde van Jesus Christus in die dissipel bly.

10. 'n Dissipel van Jesus Christus dra baie en blywende vrug.

Lees Johannes 15:8,16a.

Aantekeninge. Die belangrikste boodskap van hierdie allegorie in Johannes 15 is dat 'n dissipel alléén vrug dra as hy aan Jesus Christus verbonde bly, d.w.s. as "Christus in hom" en "Hy in Christus" bly (Kolossense 1:27-28). Deur baie en blywende vrug te dra, toon hy aan God en aan ander mense dat hy 'n dissipel van Jesus is.

Wat word met "vrug" in die Bybel bedoel?

- Met die vrug, voortgebring deur bekering tot Jesus Christus, word bedoel: *goeie werke* soos bv. jou besittings met ander te deel, eerlik te wees in geldsake, niemand dwing nie, tevrede wees met wat jy kry (Lukas 3:8-14).
- Met die vrug, voortgebring deur die verkondiging van die evangelie, word bedoel: *nuwe bekeerlinge* of gelowiges (Kolossense 1:5-6).
- Met die vrug, voortgebring deur die maak van nuwe dissipels, word bedoel: *volwasse en funksionerende Christene* wat nie terugval nie (Johannes 15:16).
- Met die vrug, voortgebring deur die inwonende Heilige Gees, word bedoel: *'n Christelike karakter* (Galasiërs 5:22-23).

Deur in Christus te bly, dra jy as dissipel baie vrug (Johannes 15:5). As jy gesnoei word deur God die Vader dra jy as dissipel nog meer vrug as tevore (Johannes 15:2)! 'Snoei' (vers 2) beteken die wegsny van dooie en oorbodige dele van die tak (bv. spesifieke sondes en slegte gewoontes). In die allegorie word 'n hele tak 'n wedergebore Christen) nooit afgesny nie (vgl. Johannes 5:24; Johannes 10:28; Johannes 17:12; Filippense 1:6). Die takke wat sleg geword en afgesny word in vers 6 is nie Christene (gelowiges) wat wedergebore was en toe afvallig geword het van die christelike geloof nie, maar verteenwoordig 'naam-Christene' wat nooit 'n lewende en persoonlike verbintenis met Jesus Christus gehad het nie (vgl. Hebreërs 6:4-8; Matteus 13:30,37-42). Daarom word hulle weggegooi en verbrand. 'n Dissipel dra meer vrug as hy God (en andere) toelaat om hom 'te snoei' (d.w.s. te berispe, tereg te wys, te onderrig in wat reg is in God se oë). God gebruik ook beproewings om Christene te vorm. Deur voortdurende aandag, sorg en toerusting word nuwe gelowiges opgebou tot volwasse en funksionerende Christene (d.w.s. dissipels).

In die gelykenis van die saaiër leer Jesus dat sommige van sy dissipels 100-voudig vrug dra en andere 60- en 30-voudig (Matteus 13:8). Die hoeveelheid 'vrug' wat jy dra is anders as dié van ander dissipels. Daar is drie redes vir die verskil.

- Die eerste rede is dat die hoeveelheid vrug afhang van die mate van berou oor jou sondes, die mate van geloof, die hoeveelheid moed, jou deurstellingsvermoë, en jou inset vir God se Koninkryk (bv. Aan andere die evangelie vertel en hulle help om dissipels van Jesus te word).
- Die tweede rede is dat die hoeveelheid vrug afhang van die genade, die natuurlike en geestelike gawes en die besondere taak wat God aan die betrokke Christen toevertrou het.
- Die derde rede is dat die hoeveelheid vrug afhang van die lewensomstandighede waarin God die Christen plaas. Bv. in sommige plekke is die aarde nog hard en droog en het dus meer tyd en arbeid nodig.

11. 'n Dissipel van Jesus Christus ontvang self eers toerusting en karaktervorming.

Lees Lukas 6:39-42.

Aantekeninge. 'n Dissipel moet eers self deur Jesus Christus en ander dissipels toegerus word alvorens hy andere kan toerus. 'Toerusting' bestaan uit (1) onderrig in die Bybelse waarhede, (2) oefening of opleiding in Bybelse vaardighede en (3) oordrag van 'n Bybelse voorbeeld. As dissipel moet jy eers self leer voordat jy andere kan of mag leer. As dissipel moet jy eers self al geoefen het in die ontwikkeling van goddelike karaktereenskappe, voordat jy dit vir andere kan leer. As dissipel moet jy eers self aandag gee aan jou eie swakhede en mislukings, voordat jy andere kan tereg wys en korreger. Die dissipel se doel in sy lewe is om in karakter en gedrag steeds meer soos Christus te lyk.

12. 'n Dissipel van Jesus Christus is selfverloënd en selfopofferend.

Lees Lukas 9:23-26.

Aantekeninge. 'n Dissipel van Jesus Christus sê “nee” vir sy egoïstiese verlange en is bereid om te ly. Hy verloën homself: d.w.s. omdat hy saam met Christus gekruisig is (Galasiërs 2:20) maak hy die sondige dade van die liggaam dood (Romeine 8:13). Hy is bereid om met Jesus Christus en sy saak geïdentifiseer te word en is nie skaam om 'n Christen te wees nie. Hy verdra die negatiewe reaksies van mense omdat hy 'n Christen is en is gewillig om spot, afkeur en selfs vervolging en skande ter wille van Jesus te verdra.

13. 'n Dissipel van Jesus Christus is geroep om hom toe te wy aan stryd, verwerping en lyding.

Lees Lukas 9:57-58.

Aantekeninge. In drie gelykenisse in Lukas 9 wil verskillende mense dissipels van Jesus Christus word. Die eerste persoon wil Jesus baie graag volg, maar Jesus het hom nie geroep nie. Hy wil Jesus volg vir die verkeerde redes. Hy't die groot skare mense gesien wat Jesus gevolg het, die wonders wat Jesus gedoen het en die entoesiasme van die mense. Hy wil graag by Jesus, die middelpunt van al hierdie spannende gebeure wees, maar hy't nie daaraan gedink dat dissipelskap ook hom iets gaan kos nie. In die Evangelies lees ons hoe die inwoners van Judea Jesus Christus verwerp (Johannes 5:18), die inwoners van Galilea Hom uitgooi (Johannes 6:66), die inwoners van Gadara Hom versoek om hulle gebied te verlaat (Matteüs 8:34), die inwoners van Samaria weier om Hom verblyfplek te gee (Lukas 9:53), die inwoners van aarde Hom nie wil hê nie (Matteus 27:23) en uiteindelik ook die hemel Hom in die steek laat (Matteus 27:46). Voortgesette dissipelskap hou ook in dat jy stryd, afkeur/afwysing, vervolging en lyding in jou lewe sal ervaar. Dit is wat dissipelskap kos (vgl. Lukas 14:25-30).

14. 'n Dissipel van Jesus Christus is geroep tot onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan Jesus Christus.

Lees Lukas 9:59-60.

Aantekeninge. Die tweede persoon word wel geroep, maar hy is nog nie gereed om Jesus Christus te volg nie. Hy wil later 'n dissipel van Jesus word, maar nie nou nie. Hy het die verkeerde prioriteite en stel daarom 'n voorwaarde: hy wil eers sy pa gaan begrawe. Sy pa kon alreeds gesterf het, maar kon ook nog 'n lang tyd geleef het. Wat Jesus dan sê moet ons nie verkeerd begryp nie: “Laat die dooies hulle eie dooies begrawe, maar gaan verkondig jy die koninkryk van God.” Jesus wil aan hierdie man duidelik maak dat daar van 'n dissipel verwag word om Jesus as die Koning onmiddellik en onvoorwaardelik te gehoorsaam. Jesus sê nie dat jy jou ouers in die steek moet laat nie, want jy moet jou ouers ook liefhê en respekteer. Maar Hy leer wel dat 'n dissipel Hom *meer* moet liefhê as sy aardse ouers (Matteus 10:37-39).

15. 'n Dissipel van Jesus Christus is geroep om te volg sonder om om te kyk na wat agter is.

Lees Lukas 9:62-62.

Aantekeninge. Die derde persoon wil 'n dissipel word, maar ook sonder dat hy geroep is. Ook hy stel 'n voorwaarde: hy wil eers sy familie en vriende gaan groet. Waarskynlik ken hierdie man nie homself goed genoeg nie. Jesus kon in sy hart en in sy toekoms kyk en weet dat daar iets in hom was, wat hyself miskien nog nie eers weet nie (Johannes 2:24-25). Jesus kon sy gedagtes lees en sy hart deursoek. Jesus ken sy onsekerhede, oorwegings en motiewe en wis dat hierdie persoon tuis baie maklik deur familie en vriende oortuig sou kon word om nie 'n dissipel van Jesus Christus te word nie. 'n Dissipel moet gewillig wees om sy familie en enige iets anders te verlaat ter wille van Jesus Christus (Markus 10:29-30). 'n Ware dissipel van Jesus Christus kyk nie meer om na wat agter is en verlang nie meer terug na sy ou lewe nie.

16. 'Dissipel van Jesus het Jesus Christus meer lief as sy eie familie of vriende.

Lees Lukas 14:26

Aantekeninge. Die letterlike vertaling (AOV) gebruik die woord “haat”, maar dan nie in die negatiewe betekenis soos ons dit ken nie. In die oorspronklike Grieks beteken die woord “minder voorkeur gee aan” (Matteus 10:37). 'n Ware dissipel beskou Jesus Christus belangriker as elke verhouding wat dreig om Jesus se plek in te neem, ongeag of dit 'n ouer, familielid of vriend is. Dit beteken nie dat 'n dissipel sy familie of vriende in die steek kan laat of hulle moet vergeet nie. Nee, die Bybel gee ons juis die opdrag om net soveel van ons familie, vriende en andere te hou as van onself. Jesus wil hier alleen duidelik maak dat ons verhouding met Hom belangriker is as was watter ander verhouding daar ook al is. Geen ander verhouding mag in die pad van die verhouding met Jesus Christus staan nie.

17. 'n Dissipel van Jesus Christus aanvaar die opoffering, verwerping en lyding van 'n toegewyde Christen.

Lees Lukas 14:27.

Aantekeninge. Jesus het sy kruis gedra. Dit het vir Hom die volgende beteken: afwysing/afkeur deur mense, verdrukking, vervolging, gruwelike pyn en lyding, skande en uiteindelik die dood. 'n Dissipel van Jesus dra sy eie (en eiesoortige) kruis. Dit beteken dat hy dit soms ook baie moeilik kan kry, wanneer bepaalde mense hom afwys/afkeur, verdruk, vervolg, verneder of selfs doodmaak omdat hy by Jesus wil wees.

18. 'n Dissipel van Jesus Christus gee voorkeur aan Jesus bó besittings en ambisies.

Lees Lukas 14:33.

Aantekeninge. 'n Dissipel is bereid om alles wat nodig is op te offer om Jesus Christus te volg en van Hom te leer. 'n Ware Christen laat nie toe dat liefde vir geld, beroep, sukses, roem en mag hom daarvan weerhou om 'n dissipel van Jesus te wees nie. As hy 'n keuse moet maak tussen 'n bepaalde aktiwiteit, besitting of ambisie en die volg van Jesus, dan kies die dissipel vir die volg van Jesus en nie vir wêreldse sukses nie. 'n Dissipel is die meeste van alles toegewyd aan Jesus Christus en geen ander persoon, aktiwiteit of besitting, ambisie of verpligting mag in die weg daarvan staan nie.

19. 'n Dissipel van Jesus Christus is 'n getuie van Jesus Christus.

Lees Lukas 24:45-48.

Aantekeninge. Die dissipels in Jesus se tyd op aarde was geen slim filosowe of geleerdes nie, maar was eenvoudige mense aan wie God sy openbaring gegee het (Matteus 11:25-27; 1 Korintiërs 1:26-28). Hulle was 'n klein kuddetjie aan wie God sy Koninkryk toevertrou het (Lukas 12:32; Matteus 5:10). Hulle is deur die Joodse wyses en geleerdes beskou as “ongeleerde en eenvoudige mense”, maar deur almal herken as mense wat saam met Jesus was (Handelinge 4:13). Hierdie dissipels praat moedig en vrymoedig oor Jesus Christus en vertel aan andere wat hulle van Hom geleer het (vgl. 2 Korintiërs 4:7) (*Lees* 2 Korintiërs 11:23-29). “Dink maar net, broers, aan wat julle was toe julle geroep is. Volgens die opvatting van mense was daar nie baie geleerdes of baie invloedrykes of baie mense van aansien onder julle nie. En tog, wat vir die wêreld onsin is, het God uitgekies om die geleerdes te beskaam; wat vir die wêreld swak is, het God uitgekies om die sterkes te beskaam, en wat vir die wêreld sonder aansien of betekenis is, ja, wat niks is nie, het God uitgekies om wat iets is, tot niet te maak. Voor God het geen mens dus iets om op te roem nie” (1 Korintiërs 1:26-29). Dissipels van Jesus maak nog steeds so.

20. 'n Dissipel van Jesus Christus is gewillig te ly en die vernedering van Jesus Christus te dra.

Lees Matteus 10:24-25.

Aantekeninge. Die teenstanders van Jesus het Jesus beskuldig dat Hy bose geeste uitdryf “met die hulp van Beëlsebul” (Matteus 12:24-27), dat “Hy van die duiwel besete is, dat Hy mal is” (Johannes 10:20) en selfs uitgeskel as Beëlsebul, d.w.s. die duiwel in eie persoon (Matteus 10:25). Nie-Christene sal Christene op dieselfde manier sleg behandel (Matteus 10:24). Jesus se dissipels sal ook nie verstaan word nie, vals beskuldig word, hulle woorde sal verdraai word en hulle sal self vervolgt word, soos wat nou al in steeds meer lande in die wêreld gebeur (Matteus 5:10-12; 2 Timoteus 3:12).

21. 'n Dissipel van Jesus Christus pas die waarhede van die Koninkryk (koningskap) van God in die gewone lewe toe.

Lees Matteus 13:52.

Aantekeninge. 'n Persoon (ook skrifgeleerdes) wat 'n leerling (dissipel) in die Koninkryk van God geword het, het die waarhede van die Koninkryk van God in sy “voorraadkamer” (hart, Psalm 119:11) gebêre en haal telkens ou en nuwe waarhede en toepassings uit die Ou en Nuwe Testament daaruit. Hy pas hierdie waarhede toe en leer hulle aan andere gelowiges. Hy weet dat die Koninkryk (koningskap) nie die koninkryk van Israel is nie, maar die Koninkryk van God soos Jesus dit in die Bergrede (Matteus hoofstuk 5-7) en in al sy gelykenisse geleer het. Byvoorbeeld, hy het geleer dat die Koninkryk groei (Matteus 13) en hoe Christene in die Koninkryk met mekaar omgaan (Matteus hoofstuk 18-19).

“Waar die hart (voorraadkamer) vol van is, loop die mond van oor” (Matteus 12:34). “Strome lewende water sal uit sy binneste vloei” (Johannes 7:38). Die dissipels van Jesus Christus is die ware “wyse manne en leraars” van hierdie eeu (Matteus 23:34). Hulle is die werklike Bybelgeleerdes en uitlêers van die Koninkryk van God en maak die werklikheid van die soewereine heerskappy van God aan mense in hierdie wêreld bekend.

22. 'n Dissipel van Jesus Christus is betrokke by die maak van dissipels.

Lees Matteus 28:18-20.

Aantekeninge. 'n Dissipel van Jesus Christus neem die inisiatief om ander dissipels te maak. Christene is geroep om Jesus Christus te bely voor die mense (Matteus 10:32-33) en verantwoording te kan doen wanneer ander mense vrae oor Jesus Christus stel (1 Petrus 3:15-16). 'n Dissipel van Jesus Christus wag nie totdat iemand na hom of haar toe kom nie, maar neem die inisiatief en gaan doelgerig na sy familie, vriende en kollegas. Hy gaan uit na sy woonbuurt, stad en selfs na ander lande om oor Jesus Christus te praat. Hy probeer verskillende groepe mense in aanraking te bring met die liefde van Jesus Christus en met die waarheid van die evangelie, sodat hulle Hom ook persoonlik kan leer ken en Hom leer volg. Mense kan alleen 'n dissipel van Jesus Christus word as hulle die evangelie hoor, in Hom glo en Hom gehoorsaam (Romeine 10:14-17). Dit was die apostel Paulus se lewenstaak om andere tot geloof en gehoorsaamheid aan Jesus Christus te bring (Romeine 1:5). Dit is ook die taak van die dissipels van Jesus Christus om vir mense uit alle volke op aarde dié Goeie Nuus te vertel en om hulle tot dissipels van Jesus Christus te maak. Gehoorsaamheid aan die onderrig van Jesus Christus moet ook lei tot betrokkeheid in “die bediening van die versoening” (2 Korintiërs 5:18-20). Dissipels is ook betrokke by sosiale geregtigheid teenoor die vreemdeling, die arme, die verdruktes en die eensame (Matteus 25:34-36; Jakobus 1:27).

23. 'n Dissipel van Jesus Christus getuig van die teenwoordigheid en werk van die Gees van Christus in hom.

Lees Handeling 5:32.

Aantekeninge. Vervulling met die Heilige Gees begin by die wedergeboorte van die persoon deur die Gees (1 Korintiërs 12:13; Titus 3:4-7) en word voortgesit in die daaglikse oorgawe aan die bestuur en leiding van die Heilige Gees (Galasiërs 5:16-18). Die Heilige Gees leef vir ewig in die dissipels van Jesus Christus (Johannes 14:16-18). Sy taak is om Christus groot te maak (te verheerlik) in die Gemeente (Johannes 16:14), die karakter van die Christene te transformeer (Galasiërs 5:22-23) en hulle te help om die take wat hulle van God gekry het uit te voer (1 Korintiërs 12:4-7). Dissipels sonder die Heilige Gees is GEEN ware dissipels van Jesus Christus nie (Handeling 19:1-2).

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIE] BID IN ANTWOORD OP DIE WOORD VAN GOD
---	------------------	---

Maak beurte in die groep om **met 'n kort gebed (van een of twee sinne) tot God te bid** in antwoord op wat jy vandag geleer het. Of, verdeel die groep in groepies van twee en drie persone en bid met mekaar vir mekaar (Romeine 15:30; Kolossense 4:12)

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit op 'n stukkie papier of laat die groepslede dit uitskryf.

1. **Toewyding.** Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die studie oor die kenmerke van 'n dissipel met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. **Persoonlike tyd met God.** Hou elke dag stiltetyd uit ongeveer 'n halwe hoofstuk van Romeine 13 - 16. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode. Maak aantekeninge.
3. **Bybelstudie.** Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. (6) 2 Korintiërs 6:14 - 7:1. Tema. Die verhouding tussen ouers en kinders. Maak gebruik van die vyf stappe metode. Maak aantekeninge.
4. **Gebed.** Bid vir iemand of iets spesifieks hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. **Hou jou notas op datum.** Sluit die notas oor aanbidding, stiltetyd, onderrig asook hierdie voorbereiding daarby in.